BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

30c | Dinsdag 1 Maart 1988 | WINDHOEK | Tuesday 1 March 1988 | No. 5504

INHOUD:

*Bladsy*

**AG PROKLAMASIES**

No. AG. 1 Verandering van Stigtingsvoorwaardes: Swakopmund (Uitbreiding 6) 1

No. AG. 2 Verklaring van Wanaheda (Uitbreiding 7) tot goedgekeurde dorp

No. AG. 3 Wysiging van Proklamasies 1 van 1973 en AG. 26 van 1982: Wysiging van Gebiede vir Padrade

CONTENTS:

*Page*

**AG PROCLAMATIONS**

No. AG. 1 Variation of Conditions of Establishment: Swakopmund (Extension 6) 1

No. AG. 2 Declaration of Wanaheda (Extension 7) to be an approved township

No. AG. 3 Amendment of Proclamations 1 of 1973 and AG. 26 of 1982: Amendment of Areas for Roads Boards

# PROKLAMASIES

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 1 1988

## VERANDERING VAN STIGTINGSVOORWAARDES: SWAKOPMUND (UITBREIDING 6)

Ingevolge paragraaf (b) van die voorbehoudsbepaling by artikel 31A(2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) maak ek hierby bekend dat ek kragtens genoemde artikel 31A(2) van genoemde Ordonnansie die voorwaardes uiteengesit in die Bylae by Proklamasie 58 van 1970 verander het soos in die Bylae hieronder uiteengesit.

L. PIENAAR
Administrateur-generaal — Windhoek, 8 Februarie 1988

# PROCLAMATIONS

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 1 1988

## VARIATION OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT: SWAKOPMUND (EXTENSION 6)

In terms of paragraph (b) of the proviso to section 31A(2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby make known that I have under the said section 31A(2) of the said Ordinance varied the conditions set forth in the Schedule to Proclamation 58 of 1970 as set out in the Schedule hereunder.

L. PIENAAR
Administrator-General — Windhoek, 8 February 1988

BYLAE

1. Paragraaf 6 word hierby gewysig deur in die opskrif daarvan die nommer "1276" deur die nommer "1277" te vervang.

2. Die volgende paragraaf word hierby na paragraaf 7 ingevoeg:

"7A Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 1276.

(1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word, met inbegrip vir die oprigting van 'n blok woonstelle.

(2) As 'n blok woonstelle op die erf opgerig word, moet minstens 1 onafhanklike parkeerplek op die erf vir elke woonsteleenheid voorsien word, en minstens 1 onafhanklike parkeerplek van die straat af op die erf vir elke 4 woonsteleenhede voorsien word.

(3) Die oppervlakte gedek deur die geboue, opgerig op die erf, mag nie 40% van die totale oppervlakte van die erf oorskry nie.

(4) Die eienaar van die erf is verplig om, sonder vergoeding en ten genoeë van die plaaslike bestuur, die geboue op die erf opgerig, insluitende die buitegeboue wat deur die bediendes wat hul dienste op die erf verrig, bewoon word, te verbind met die openbare waternetwerk- en rioolverwyderingstelsel.

(5) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag in die geval van 'n enkelwoonhuis, nie minder as R60 000,00 wees nie, en, in die geval van duplekswoonstelle of 'n woonstelblok, nie minder as R100 000,00 wees nie."

---

No. AG. 2 1988

VERKLARING VAN WANAHEDA (UITBREIDING 7) TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11

SCHEDULE

1. Paragraph 6 is hereby amended by the substitution in the heading thereof for the number "1276" of the number "1277".

2. The following paragraph is hereby inserted after paragraph 7:

"7A Additional conditions applicable to erf 1276.

(1) The erf may be used only for residential purposes, including for the erection of a block of flats.

(2) Should a block of flats be erected on the erf, at least 1 independent parking bay shall be provided on the erf for every flat unit and at least 1 independent off-street parking space on the erf for every 4 flat units.

(3) The area covered by the buildings erected on the erf shall not exceed 40% of the total area of the erf.

(4) The owner of the erf shall be obliged, without compensation and to the satisfaction of the local authority, to connect the buildings erected on the erf, including the outbuildings occupied by the servants who render their services on the erf, to the public water reticulation and sewerage disposal system.

(5) The value of the main building, excluding outbuildings, shall, in the case of a single dwelling, be not less than R60 000,00, and, in the case of duplex flats or a block of flats, be not less than R100 000,00."

No. AG. 2 1988

DECLARATION OF WANAHEDA (EXTENSION 7) TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963),

van 1963) verklaar ek hierby die gebied voorgestel op Algemene Plan K. 218(A.588/87) tot goedgekeurde dorp.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae hieronder uiteengesit.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal Windhoek, 8 Februarie 1988

BYLAE

1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet Wanaheda (Uitbreiding 7).

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 434 erwe genommer 1741 tot 2174, 6 oop ruimtes genommer 2175 tot 2180 en strate soos aangedui op Algemene Plan K. 218(A.588/87).

3. TITELVOORWAARDES

Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe:

(1) Die erf mag benut of geokkupeer word slegs vir doeleindes wat strook met, en die benutting of okkupasie van die erf sal te alle tye onderworpe wees aan, die bepalings van die Dorpsbeplanningskema van Windhoek wat ingevolge die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) ontwerp en goedgekeur is.

(2) Geen boom bekend as Prosopis SSP mag op die erf geplant of toegelaat word om daarop te groei nie.

---

I hereby declare the area represented by General Plan K. 218(A.588/87) to be an approved township.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule below in terms of the said section 13.

L. PIENAAR

Administrator-General Windhoek, 8 February, 1988

SCHEDULE

1. NAME OF TOWNSHIP

The township shall be called Wanaheda (Extension 7).

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township comprises 434 erven numbered 1741 to 2174, 6 open spaces numbered 2175 to 2180 and streets as indicated on General Plan K. 218(A.588/87).

3. CONDITIONS OF TITLE

The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven:

(1) The erf shall be used or occupied only for purposes which are in accordance with, and the use or occupation of the erf shall at all times be subject to, the provisions of the Windhoek Town Planning Scheme prepared and approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954).

(2) No tree known as Prosopis SSP shall be planted or permitted to grow on the erf.

---

No. AG. 3 1988

WYSIGING VAN PROKLAMASIES 1 VAN 1973 EN AG. 26 VAN 1982: WYSIGING VAN GEBIEDE VIR PADRADE

Kragtens artikel 5(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), wysig ek hierby Proklamasies 1 van 1973 en AG. 26 van 1982 soos in die Bylae hieronder uiteengesit.

L. PIENAAR

Administrateur-generaal Windhoek, 12 Februarie 1988

BYLAE

1. Proklamasie 1 van 1973 word hierby gewysig deur -

(a) in kolom 2 van die Bylae die omskrywing van die gebied "Gobabis" deur die volgende omskrywing te vervang:

"Die Landdrosdistrik Gobabis soos omskryf in Bylae J by Goewermentskennisgewing 1148 (Republiek) gepubliseer in Staatskoerant 3598 van 30 Junie 1972, met inbegrip van Gebiede 2 en 3 van Hereroland-Oos omskryf in Bylae E by Goewermentskennisgewing 2428 van 1972, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 322 van 1976, maar uitgesonderd daardie gebiede in genoemde distrik wat geleë is binne die regsgebiede van die plaaslike besture vir Gobabis, Leonardville en Witvlei.", en

(b) in kolom 2 van die Bylae in die omskrywing van die gebied "Kamanjab" na die uitdrukking "3598 van 30 Junie 1972," die uitdrukking "met inbegrip van die gebied omskryf as Gebied 1 in Bylae A by Goewermentskennisgewing 2428 van 1972, maar" in te voeg.

2. Proklamasie AG. 26 van 1982 word hierby gewysig deur in kolom 2 van die Bylae die omskrywing van die gebied "Hereroland" deur die volgende omskrywing te vervang:

No. AG. 3 1988

AMENDMENT OF PROCLAMATIONS 1 OF 1973 AND AG. 26 OF 1982: AMENDMENT OF AREAS FOR ROADS BOARDS

Under the powers vested in me by section 5(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), I hereby amend Proclamations 1 of 1973 and AG. 26 of 1982 as set out in the Schedule below.

L. PIENAAR

Administrator-General Windhoek, 12 February, 1988

SCHEDULE

1. Proclamation 1 of 1973 is hereby amended by -

(a) the substitution in column 2 of the Schedule for the definition of the area of "Gobabis" of the following definition:

"The magisterial district of Gobabis as described in Schedule J to Government Notice 1148 (Republic) as published in Government Gazette 3598 of 30 June 1972, including Areas 2 and 3 of Hereroland East described in Schedule E to Government Notice 2428 of 1972, as amended by Government Notice 322 of 1976, but excluding those areas in the said magisterial district that are situated within the areas of jurisdiction of the local authorities for Gobabis, Leonardville and Witvlei."; and

(b) the insertion in column 2 of the Schedule in the definition of the area of "Kamanjab" after the expression "3598 of 30 June 1972," the expression "including the area described as Area 1 in Schedule A to Government Notice 2428 of 1972, but".

2. Proclamation AG. 26 of 1982 is hereby amended by the substitution in column 2 of the Schedule for the definition of the area of "Hereroland" of the following definition:

"Die gebiede omskryf -

(a) in Bylae B by Goewermentskennisgewing 1196 van 1970; en

(b) as Gebied 1 in Bylae E by Goewermentskennisgewing 2428 van 1972, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 322 van 1976.".

"The areas defined -

(a) in Schedule B to Government Notice 1196 of 1970; and

(b) as Area 1 in Schedule E to Government Notice 2428 of 1972, as amended by Government Notice 322 of 1976.".

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa